higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

TOEGEPASTE REKENINGKUNDE
NKR VLAK 3

(3011003)

26 Februarie 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

'n Nieprogrammeerbare sakrekenaar mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye en 'n antwoordboek van 16 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae in die EKSAMENBOEK.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Jy mag GEEN bladsye uit die ANTWOORDBOEK verwyder nie.
4. Gebruik die tabel hier onder om jou leiding te gee oor hoeveel tyd jy moet bestee om elke vraag te beantwoord.
5. Toon AL jou berekeninge.
6. Skryf netjies en leesbaar.

VRAE	ONDERWERPE	PUNTE	AANBEVOLE TYDSRIGLYN
AFDELING A			
1	Kortvrae	20	18 minute
2	Kort teorievrae	35	32 minute
3	Berekeninge	30	27 minute
AFDELING B			
4	Joernale	60	54 minute
5	Algemene grootboek	20	18 minute
6	Finansiële state	25	22 minute
7	Rekeningkundige vergelyking	10	9 minute
	TOTAAL	**200**	**180 minute**

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in jou ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Watter EEN van die volgende verlaag NIE eienaarsbelang nie?

A Water en elektrisiteit word betaal.
B Die eienaar neem kontant vir persoonlike gebruik.
C 'n Verlies word tydens die finansiële jaar gemaak.
D Die opbrengs op skryfbehoeftes wat op krediet by 'n verskaffer aangekoop is.

1.1.2 Tjek nr. 56 word vir die volgende aan IT Computer Store uitgemaak:

A 10 flitsskywe teen R129,99 elk
B 2 notaboekskootrekenaars teen R5 777,88 elk
C 1 lessenaarrekenaar teen R8 475,38
D 10%-handelskorting word ontvang

Vir watter bedrag word tjek nr. 56 uitgemaak?

A R12 944,93
B R19 197,94
C R14 383,25
D R21 331,04

1.1.3 'n Debietorder ...

A is 'n debietnota.
B word van 'n debiteur ontvang.
C is magtiging wat aan die kliënt se bank gegee word om geld op 'n maandelikse grondslag van die kliënt se rekening aan 'n derde party oor te dra.
D word per tjek betaal.

1.1.4 ... is 'n voorbeeld van 'n uitgawe in 'n onderneming.

A Lone
B Rente op vaste deposito
C Huurgeld ontvang
D Rekenaars

1.1.5 Huurgeld betaal word in die ... geboekstaaf.

A kontantontvangstejoernaal
B debiteurejoernaal
C krediteurejoernaal
D kontantbetalingsjoernaal

Kopiereg voorbehou

1.1.6 Watter EEN van die volgende artikels is NIE aan BTW onderhewig nie aangesien dit 'n vrygestelde artikel is?

A Water en elektrisiteit
B Telefoon
C Herstelwerk
D Rente op oortrokke rekening

1.1.7 Die brondokument wat vir die boekstawing van die kredietaankope van 'n rekenaar gebruik word, is 'n ...

A oorspronklike kontantfaktuur.
B tjekteenblad.
C oorspronklike kredietfaktuur.
D duplikaatkredietfaktuur.

1.1.8 Mzoli's BK het 'n besigheidsbankrekening by ABSA. Die onderneming reik 'n tjek van R572,00 uit om sy krediteur, Higgins Wholesalers, te betaal. Die trekker van die tjek is ...

A Higgins Wholesalers.
B ABSA.
C Mzoli's BK.
D SA Reserwebank.

1.1.9 Die verkoopsprys van 'n hommeltuig is R18 630,00, BTW ingesluit. Die klant ontvang 'n kontantkorting van 5%. Die verkoopsprys, BTW uitgesluit, is ...

A R15 525,00.
B R17 698,50.
C R 2 173,50.
D R16 342,11.

1.1.10 Mnr R. Williams, 'n debiteur, skuld R1 200,00. As 'n 5%-korting aan hom toegestaan word, wat is die vereffeningsbedrag?

A R1 260,00
B R1 040,00
C R1 140,00
D R1 206,00

(10 × 1) (10)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in jou ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Rekeningkunde berus op die beginsels van dubbelinskrywing, wat beteken dat daar 'n ooreenstemmende debietinskrywing vir elke kredietinskrywing moet wees.

1.2.2 'n Elektroniesefondsoorplasing is 'n manier om geld met behulp van die internet van een bankrekening na 'n ander oor te plaas.

1.2.3 'n Onderneming baat daarby wanneer 'n verlies gely word.

1.2.4 Kapitaal, onttrekkings en herstelwerk is nominale rekeninge.

1.2.5 Die onderneming skuld geld aan die klante wat op die debiteurelys verskyn.

(5 × 1) (5)

1.3 Voltooi die volgende sinne deur slegs die ontbrekende woord(e) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in jou ANTWOORDBOEK in te vul.

1.3.1 Wanneer die verkeerde krediteurerekening gedebiteer word, word die fout in die ... joernaal reggestel.

1.3.2 Die proefbalans verseker dat die ... stelsel gebruik word.

1.3.3 Jack Matroos ontvang 'n oorspronklike belastingfaktuur wanneer hy handelsvoorraad op krediet by 'n verskaffer aankoop. Die transaksie word in die ... joernaal geboekstaaf.

1.3.4 'n Huurder betaal huurgeld kontant en ontvang 'n kwitansie. Die ... word gebruik om die transaksie te boekstaaf.

1.3.5 Vir betalings wat uit die kleinkas gemaak word, word die kleinkasrekening in die algemene grootboek ...

(5 × 1) (5)

[20]

VRAAG 2

2.1 Verduidelik die doel van die volgende kortliks:

2.1.1 Balansstaat

2.1.2 Inkomstestaat

2.1.3 Krediteure-ouderdomsontleding

(3 × 2) (6)

2.2 Linda, die eienaar van Linda Traders, voltooi die volgende transaksies in die toepaslike joernale. Sy is nie seker hoe sy die algemene grootboek moet voltooi nie en versoek jou om die volgende transaksies in berekening te bring en na die algemene grootboek oor te boek. Maak die rekeninge op 1 Maart 2017 oop aan die hand van die proefbalans soos op 28 Februarie 2017. Boek die transaksies vir Maart 2017 na die algemene grootboek oor. Moet NIE die rekeninge balanseer nie. Boek slegs die rekeninge oor wat in jou ANTWOORDBOEK gegee word.

DATUM	BESONDERHEDE VAN TRANSAKSIE
08/03/2017	Die eienaar, Linda, maak 'n bydrae in die vorm van 'n voertuig wat op R78 000,00 gewaardeer is.
12/03/2017	Betaal lone uit die bankrekening, R800,00.
30/03/2017	Verkoop handelsvoorraad op krediet, R5 000. Die kosprys van die voorraad wat verkoop is, is R2 000,00.

LINDA TRADERS SE PROEFBALANS OP 28 FEBRUARIE 2017

	Fol.	Debiteer (R)	Krediteer (R)
Balansstaatafdeling			
Kapitaal	B1		100 000
Onttrekkings	B2	20 000	
Voertuie	B3	40 000	
Bank	B4	5 000	
Debiteurekontrole	B5	45 000	
Krediteurekontrole	B6		40 000
Handelsvoorraad	B7	30 000	
Nominalerekeninge-afdeling			
Verkope	N1		120 000
Koste van verkope	N2	80 000	
Huuruitgawe	N3	25 000	
Lone	N4	15 000	
		260 000	260 000

(16)

2.3 Eagle Wings het 'n tjekrekening by BankCorp. Die eienaar, K. Witbooi, beskik oor weinig ervaring in die uitskrywe van tjeks en ontvang 'n tjek, 'verwys na trekker', van die bank terug omdat die datum daarop vooruitgedateer is. Mnr Witbooi wil die datum deurhaal en die korrekte datum op die tjek inskryf.

2.3.1 Verduidelik aan mnr Witbooi waarom die bank sy tjek teruggestuur het. (2)

2.3.2 Mag mnr Witbooi die datum op die tjek verander? Gee 'n rede vir jou antwoord. (3)

2.3.3 Jy is Z. Matiwane, mnr Witbooi se rekenmeester, en hy versoek jou om die tjek te voltooi aangesien jy 'n gevolmagtigde is. Die tjek is aan Stationery Stop betaal vir skryfbehoeftes wat aangekoop is. Mnr Witbooi het ook skryfbehoeftes ter waarde van R860,00 namens sy seun aangekoop. Die totale bedrag aan skryfbehoeftes is R2 600,00. Gebruik vandag se datum op die tjek.

Voltooi die tjek en die tjekteenblad in jou ANTWOORDBOEK. (8)
[35]

VRAAG 3

3.1 Voltooi die volgende tabel deur die ontbrekende woorde langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.5) in jou ANTWOORDBOEK in te vul. Sharp Shoes koop en verkoop handelsmerkhardloopskoene.

Die finansiële bestuurder versoek jou om die bedrae in die tabel hier onder te bereken ten einde die bruto wins op die paar hardloopskoene, wat in die tabel aangedui word, te bepaal. Sharp Shoes werk volgens 'n winstoeslag van 50% op kosprys en is 'n geregistreerde BTW-ondernemer.

Kosprys, BTW uitgesluit	**BTW op kosprys**	**Kosprys, BTW ingesluit**	**Verkoopsprys, BTW uitgesluit**	**BTW op verkoopsprys**	**Verkoopsprys, BTW ingesluit**
R755	3.1.1	3.1.2	3.1.3	3.1.4	3.1.5

(5)

3.1.6 Bereken die bruto wins wat Sharp Shoes op die paar hardloopskoene in die tabel sal maak. Toon AL jou berekeninge. (3)

3.2 Die volgende lys rekeninge verskyn in Mugabe Enterprises se boeke op 28 Februarie 2017, die laaste dag van die finansiële jaar:

Bank (ongunstig)	R2 000
Los kontant	R1 000
Krediteurekontrole	R30 000
Debiteurekontrole	R24 000
Toerusting	R120 000
Grond en geboue	R400 000
Lening: UP Bank (15% p.j.)	R124 000
Verbandlening	R250 000
Kleinkas	R4 000
Handelsvoorraad	R15 000
Voertuie	R180 000

Kopiereg voorbehou

BYKOMENDE INLIGTING

R24 000,00 is op 28 Februarie 2017 aflosbaar.

VERLANG

Bereken die volgende waardes van Mugabe Enterprises soos op 28 Februarie 2017. (Toon AL jou berekeninge.)

3.2.1 Die totaal van die bedryfslaste (4)

3.2.2 Die totaal van die niebedryfslaste (3)

3.3 Die volgende is die transaksies tussen JKA Traders en sy debiteur, Monde Botile, vir Maart 2017. Monde Botile skuld R24 348,00 op 1 Maart 2017 aan JKA Traders.

VERLANG

Voltooi JKA Traders se debiteuregrootboek vir Monde Botile se rekening aan die hand van die inligting hier onder.

DAG	BESONDERHEDE VAN TRANSAKSIE
2	Verkoop goedere op krediet vir R4 000 (BTW uitgesluit) aan Monde Botile. Reik faktuur nr. 47 uit.
4	Monde Botile stuur goedere terug wat hy op 02/03/2017 gekoop het. 'n Kredietnota nr. CN12 van R1 140,00 (BTW ingesluit) word uitgereik.
14	Ontvang 'n gedishonoreerde tjek van die bank af. Monde Botile betaal sy rekening van R28 168,73 in Februarie 2017 en ontvang 'n 7,5%-korting daarop. Die bank stuur ongelukkig die tjek terug aangesien Monde Botile onvoldoende fondse het. Die inskrywing word in die toepaslike joernaal ingeskryf. 'n Joernaalbewys, JV 13, word uitgereik om die korting te kanselleer.
24	JKA Traders word deur die prokureurs in kennis gestel dat Monde Botile insolvent verklaar is. JKA Traders ontvang R8 963,01 uit die insolvente boedel. Kwitansie RC411 word uitgereik. Daar word besluit om die oorblywende skuld af te skryf. Joernaalbewys JV17 word uitgereik.

(15)
[30]

TOTAAL VIR AFDELING A: 85

AFDELING B

VRAAG 4

Tungsta is 'n onderneming wat as 'n BTW-ondernemer geregistreer is en slegs met geregistreerde BTW-ondernemers sake doen. BTW van 14% word op alle verkope gehef. Alle bedrae sluit BTW in. Daar is aan jou SLEGS 'n opsomming van die transaksies uit die brondokumente vir September 2017 voorsien. Tungsta maak van 'n prystoeslag van 42% op kosprys gebruik. Hernommer die belastingfakture van die verskaffers. Die laaste nommer wat gebruik is, was CI497.

VERLANG

- Skryf die transaksies hier onder in die korrekte joernale vir die maand geëindig 30 September 2017 op.
- Moet NIE die joernale aan die einde van die maand afsluit nie.
- Toon BTW slegs in die KOJ, DJ en DKJ. Ignoreer die BTW vir AL die ander joernale.

4.1	Kontantontvangstejoernaal	(18)
4.2	Kontantbetalingsjoernaal	(7)
4.3	Debiteurejoernaal	(8)
4.4	Debiteurekortingsjoernaal	(6)
4.5	Krediteurejoernaal	(7)
4.6	Krediteurekortingsjoernaal	(4)
4.7	Algemene joernaal (GEEN beskrywings verlang nie)	(10)

Kopiereg voorbehou

OPSOMMING VAN TRANSAKSIES VIR SEPTEMBER 2017

DAG	BESONDERHEDE	BRON-DOKU-MENT		BEDRAG (R)
1	M. Lashe	REC273	Bykomende kontantkapitaalbydrae	125 150,00
2	T. Clarke	DINV195	Verkoop handelsvoorraad op krediet	124 108,19
5		CHQ160	Vereffen uitstaande skuld van R8 740,00. Ontvang 3%-korting vir vroeë betaling van die krediteur	?
7	Just Pick (krediteur)	JV63	'n Joernaalbewys word voltooi aangesien Just Pick 2% per jaar op ons rekening van R8 000,00 hef omdat ons rekening 30 dae laat is	?
8	G. Manuel	CRR88	Kontantverkope van handelsvoorraad	115 504,05
8	Vist Bank	DEP96	Deponeer alle kontant en tjeks tot op datum ontvang	?
11	Packing Zone	PZIN215	Koop verpakkingsmateriaal op krediet	840,00
11	Secure Insure	Bankstaat	'n Debietorder wat die bankrekening vir die maandelikse versekeringspremie debiteer	1 850,00
12	Y. Haddin	DINV196	Kredietverkope van handelsvoorraad vir R36 842,50. Staan 'n 8%-handelskorting toe	?
15	T. Clark	CRN-6	Handelsvoorraad aan Tungsta teruggestuur	6 355,33
16	Packing Zone	DN65	Stuur verpakkingsmateriaal aan Packing Zone terug aangesien dit beskadig is	75,00
18	Keep Green	B841	Handelsvoorraad op krediet aangekoop	4 820,00
21	T. Mayenga	CRR89	Verkope van handelsvoorraad vir R31 027,05. Staan 'n 12%-handelskorting toe	?
22	Furn World	FW97	Koop stoele op krediet; sluit 'n bedrag van R640,00 in vir herstelwerk wat aan 'n kantoorstoel gedoen is	19 000,00
23	Y. Haddin	CRN-7	Handelsvoorraad aan Tungsta teruggestuur	1 694,76
24	Z. Jardine	REC274	Ontvang huurinkomste van Z. Jardine	12 817,56
24	Vist Bank	DEP97	Deponeer alle kontant en tjeks tot op datum ontvang	?
25	Regstelling van fout	JV64	'n Joernaalbewys word voltooi omdat skryfbehoeftes van R260,00, wat by Fredrick's gekoop is, verkeerdelik na die reklamerekening oorgeboek is	860,00
26	Y. Haddin	REC275	Ontvang 'n tjek van Y. Haddin ter vereffening van sy beginsaldo van R12 421,00	10 620,22

Kopiereg voorbehou

DAG	BESONDER-HEDE	BRON-DOKU-MENT		BEDRAG (R)
29	R. Peters	REC276	'n Tjek vir kommissie word ontvang	8 301,00
29	Vist Bank	DEP96	Deponeer alle kontant en tjeks tot op datum ontvang	?
30	B. Hassan	Bankstaat	Die bank stuur 'n tjek terug weens onvoldoende fondse. Die tjek word van 'n debiteur ontvang	9 800,00
30	T. Clarke	Bankstaat	'n Direkte deposito word deur 'n debiteur in die bankrekening gemaak	4 000,00

[60]

VRAAG 5

Die volgende inligting word uit Ayanda Traders se boeke geneem:

Saldo's/totale op 1 Junie 2017

Bank (Dt)	R24 500
Debiteurekontrole	R16 300
Verkope	R16 000
Koste van verkope	R28 000

Skryf die beginsaldo's in die toepaslike rekeninge in algemene grootboek in. Boek daarna die hulpjoernaaltotale oor, maar SLEGS na die volgende rekeninge, en balanseer SLEGS die bank- en debiteurekontrolerekening:

5.1 Bank (5)

5.2 Debiteurekontrole (8)

5.3 Verkope (3)

5.4 Koste van verkope (4)

Kopiereg voorbehou

AYANDA TRADERS SE KONTANTONTVANGSTEJOERNAAL – JUNIE 2017 KOJ1

Dok. nr.	Dag	Besonderhede	Bank (R)	Verkope (R)	Koste van verkope (R)	Debiteure-kontrole (R)	Diverse
			31 750,00	21 500,00	8 100,00	6 000	1 842,00

AYANDA TRADERS SE KONTANTBETALINGSJOERNAAL – JUNIE 2017 KBJ1

Dok.	Datum	Nemer (*payee*)	Bank (R)	Handels-voorraad (R)	Krediteure-kontrole (R)	Korting ontvang (R)	Debiteure-kontrole (R)	Diverse
			67 200,00	15 087,72	1 437,28	75,00	1 750	49 000,00

Die debiteurekontrolebedrag is 'n gedishonoreerde tjek van R. Kay.

AYANDA TRADERS SE DEBITEUREJOERNAAL – JUNIE 2017 DJ1

Dok. nr.	Dag	Debiteur	Verkope (R)	Koste van verkope (R)
			11 900,00	6 800,00

AYANDA TRADERS SE DEBITEUREKORTINGSJOERNAAL – JUNIE 2017 DKJ1

Dok. nr.	Dag	Debiteur	Debiteure-korting (R)	Koste van verkope (R)
			1 780,00	520,00

AYANDA TRADERS SE KREDITEUREJOERNAAL – JUNIE 2017 KJ1

Dok. nr.	Datum	Krediteur	Krediteure-kontrole (R)	Handels-voorraad (R)	Diverse
			21 630,00	12 740,00	8 890,00

AYANDA TRADERS SE KREDITEUREKORTINGSJOERNAAL – JUNIE 2017 KKJ1

Dok. nr.	Datum	Krediteur	Krediteure-kontrole (R)	Handels-voorraad (R)	Diverse
			6 240,00	6 240,00	

AYANDA TRADERS SE ALGEMENE JOERNAAL – JUNIE 2017 KJ1

DAG	DOK. NR.	BESONDERHEDE	DEBITEER (R)	KREDITEER (R)	DEBITEUREKONTROLE	
					DEBITEER (R)	KREDITEER (R)
30	JV32	Slegte skuld				
		Debiteurekontrole K. Rusch	200,00	200,00		200,00

[20]

VRAAG 6

Voltooi die volgende aan die hand van die saldo's/totale uit Cola Stores se gegewe proefbalans op 31 Januarie 2017:

6.1 Stel 'n inkomstestaat op. (15)

6.2 Stel SLEGS die bateafdeling van die balansstaat op. (10)

COLA STORES SE PROEFBALANS SOOS OP 31 JANUARIE 2017

	FOL.	DEBITEER (R)	KREDITEER (R)
Balansstaatafdeling			
Kapitaal	B1		300 000
Onttrekkings	B2	40 500	
Grond en geboue	B3	38 000	
Voertuie	B4	45 000	
Toerusting	B5	43 000	
Handelsvoorraad	B6	12 000	
Debiteurekontrole	B7	50 200	
Bank	B8	25 400	
Kleinkas	B9	850	
Los kontant	B10	1 550	
Krediteurekontrole	B11		34 400
Nominalerekeninge-afdeling			
Verkope	N1		299 900
Koste van verkope	N2	205 000	
Kommissie ontvang	N3		18 700
Huurgeld ontvang	N4		28 900
Telefoon	N5	10 800	
Huurgeld betaal	N6	79 500	
Water en elektrisiteit	N7	8 100	
Versekering	N8	5 400	
Bankkoste	N9	1 200	
Lone	N10	45 500	
Salarisse	N11	70 000	
		681 900	681 900

[25]

VRAAG 7

7.1 Blue Que is 'n haarkappersalon en is nie 'n BTW-ondernemer nie.

Voltooi die rekeningkundige vergelyking aan die hand van die transaksies wat op die brondokumente hier onder geboekstaaf is.

7.1.1



DUPLIKAAT

Blue Que

DEBIETNOTA
DN84

01/08/17

Aan:	GDP Wholesalers
Vir:	Handelsvoorraad
Rede:	Nie volgens bestelling nie
Bedrag:	R12 000,00
Gemagtig:	S Simons

7.1.2

 **Blue Que**	**JOERNAAL BEWYS *963*** 31/08/17
Kommissie Ontvang is verkeerdelik na Huurgeld Ontvang oorgeboek. Stel die fout reg.	
Bedrag: R5 800,00	
Gemagtig: S Simons	

(2 × 4) (8)

7.2 Watter TWEE dienste kan Blue Que lewer? (2)
[10]

TOTAAL AFDELING B: 115
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou